DIGNET WOORDEBOEK

www.dignet.co.za

A

aaneenskakeling, opsomming van gegewens (sien ook retoriese figure)

abel spel
toneelstuk oor die liefde

adjektief
byvoeglike naamwoord, woord in ‘n sin wat die selfstandige naamwoord omskryf, bv. die mooi meisie

affiks
‘n woorddeel met ‘n vaste of voorspelbare klankvorm en betekenis, sonder ‘n woordkorrelaat, wat met stamme of wortels verbind om gelede woorde te vorm, bv. bekyk, skoonheid; ‘n affiks kan nie selfstandig in ‘n sin gebruik word nie; soorte: (i) prefiks (voorvoegsel), (ii) suffiks (agtervoegsel), (iii) ambifiks (alkantvoegsel of tangmorfeem), (iv) infiks (invoegsel), (v) swaelstertvoegsel, (vi) voegsels (verbindingsklanke)

Afrikaanse Patriot
Die eerste koerant in Afrikaans is gedruk in 1876 en is eers maandeliks en toe weekliks gepubliseer tot en met 1904. Die Afrikaanse Patriot was die mondstuk van die GRA

Afrikaanse Taalatlas
In 1954 bring prof. T. H. le Roux die wenslikheid van ‘n taalatlas onder die aandag van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing; in 1959 verskyn die eerste aflewering van Deel 1, naamlik 5 kaarte by name Bobbejaan, Hoephoep, Knapsekêrel, Misbredie en Duwweltjie; die laaste aflewering van Deel 1 word in 1963 voltooi; in 1971 word die Republiekfeesprys aan die samesteller toegeken; Deel 2, kleiner in formaat, verskyn in 1975

akroniem
letterwoord wat gevorm word deur die aaneenskakeling van die beginletters van ‘n reeks woorde, bv. SUKOVS, TRUK, KRUIK, NARUK, SWARUK, SASOL, ens.

albaste
albas, gipssoort wat in verskeie kleure voorkom

alkantvoegsel
tipe affiks, ook genoem ambifiks of tangmorfeem, bv. betyds

allegorie
allegoriese kuns; allegorie kom van die Griekse werkwoord ‘allègoreo’ wat beteken ‘iets anders sê as wat ‘n mens bedoel’; word deur die digter verkry deur van veelvuldige personifikasies gebruik te maak; verwys na die sinnebeeldige voorstelling van ‘n abstrakte begrip of proses, maar is deursigtiger en verstandeliker van aard as die simboliese

alliterasie
stafrym, die herhaling van dieselfde klinker of medeklinker aan die begin van ‘n geaksentueerde lettergreep, bv. die s-klank in die gedig, Tafelberg, van Susan Grobler (Splitpen): suggererende seesloerie vol stimulus, oorhoekslekkend /
oor die stom strandloper se leë spoor

altviool
musiekinstrument (deel van die vioolfamilie) waarvan die note met ‘n strykstok op snare gespeel word; die altviool word ook genoem die tweede viool omdat die note laer klink as dié van die viool

ambifiks
tipe affiks, ook genoem alkantvoegsel of tangmorfeem, bv. betyds

anker
swaar yster wat gebruik word om ‘n skip vas te lê

annagram
woord wat gevorm word deur die letters van ‘n bepaalde woord uit hulle posisie te skuif en sodoende die nuwe woord te vorm, bv. om ‘n skuilnaam te vorm, Dracula word Alucard

antagonis
ook teenstaander (van die protagonis)

antitese
(sien retoriese figure) teenstelling, ‘n figuur wat besonder gewild was gedurende die Renaissance-periode

antonieme
teenoorgesteldes, bv, skoon – vuil, mooi – lelik, dogter - seun

antonomasia
ook naamsverwisseling, dit kom voor wanneer ‘n metaforiese naam gebruik word om ‘n persoon of saak aan te dui; dit is ‘n vorm van beeldspraak wat in die gewone spreektaal voorkom, bv. na iemand met geduld word verwys as ‘n Job, na ‘n wreedaard word verwys as ‘n Nero, ens.

aorta
hoofslagaar (naby die hart geleë) van die menslike bloedsomloopstelsel

argeloos
onskuldig, met goeie, sorgvrye gedagtes

ars moriendi
Latyn, sterwenskuns, kunsvorm waarin oor lewe en dood besin word en wat veral gedurende die Middeleeue deur die monnike in Europa beoefen is

assimilasie
gelykmaking

assonansie
die herhaling van bepaalde (beklemtoonde) klinkers op ‘n kort afstand van mekaar af; ook ‘n vorm van halfrym omdat net die klinkers rym en nie ook die medeklinkers nie; dit is die oudste vorm van eindrym

ATG
Pretoria: die Afrikaanse Taalgenootskap word in antwoord op Preller se oproep, “Laat’t ons toch ernst wezen” op 13 Desember 1905 deur ongeveer dertig lede van die vergadering gestig met hoofbestuur: dr. C. P. Hoogenhout, A. J van der Walt, J. Visscher, adv. N. de Wet, F. P. Nicolson. G. S Preller en I. van Heerden

ATV
Kaapstad: die Afrikaanse Taalvereniging word op 3 November 1905 gestig met hoofbestuur dr. D. F. Malan (later Eerste Minister van SuidAfrika), A. I. Perold, dr. D. F. Malherbe en adv. J. H. H. de Waal (redakteur van De Goede Hoop)

B

babbel
aanhoudend, aanmekaar praat

ballade
(sien Romantiese ballade, Franse ballade, moderne ballade en volksballade)

baster
vermening van verskillende soorte

Baroktrillers
vinnige afwisseling van twee of meer note, versiering in die musiek wat hoofsaaklik uit die 17de en 18de eeuse Baroktydperk afkomstig is

basviool
musiekinstrument (deel van die vioolfamilie) waarvan die note met ‘n strykstok op die snare gespeel word of met die vingers gepluk word en waarvan die grootte tussen die tjello en kontrabas is

beeldgedig
gedig wat oor ‘n bepaalde kunswerk, bekende foto, ens, geskryf word

beeldspraak
kom voor wanneer twee sake met mekaar vergelyk word; die werking van beeldspraak lê in die onverwagte, nuwe blootlegging van besonderhede, bv. die gebruik van personifikasie in Marais se gedig “Die dans van die reën”: die asem van die wind raak weg; die raakpunt tussen die twee sake wat met mekaar vergelyk word, word die ‘tertium’ genoem.

bekgeveg
tipe skriftelike debat wat onder skrywers gevoer word deurdat hulle beurtelings op mekaar se tekste reageer en sodoende ‘n gesprek voer

besete
dol, waansinnig, soos ‘n besete mens te kere gaan, ook beset deur bose geeste of deur demone beheer te word

beskinder
kwaadspreek van iemand

bewegings
die verskillende dele (elk ‘n afgeronde stuk op sy eie) in ‘n musiekwerk wat saam ‘n geheel vorm; ook beweging in die natuur: die wind wat waai, planete wat in hulle wentelbane beweeg

biblioterapie
die aanwending van boeke in die helingsproses van die menslike pspige deurdat ander skrywers se werke gelees en bepeins word

bindmiddele
word verkry deur klankherhaling, lettergreepherhaling, woordherhaling en herhaling van sinskonstruksie

binnerym
die herhaling van rymende lettergrepe binne die versreël, soos bv. in Celliers se "Die Vlakte": Ek slaap in die rus van die eeue gesus,/ ongesien, ongehoord,/ en dof en loom in my sonnedroom,/ ongewek, ongestoord

blende
mengsel van meer as een stof

bloot
sonder meer, eenvoudig

bluf
'n misleidende indruk skep, iemand bluf deur hom 'n rat voor die oë te draai

boeg
voorste kant van 'n skip

boeie
meervoud van boei, metaal- of ysterband wat gesluit word om die polse van 'n gevangene

bou
verwys na die struktuur van 'n gedig, die patroon, komposisie, organisasie, ordening, samevoeging, geleding, plan

Brandwag
tweeweeklikse tydskrifblad van die ATG wat van 1910 tot 1922 versprei is; vanaf 1915 het dit as 'n maandblad verskyn

C

Carpe diem
Latyn vir “pluk, gryp die dag”; ‘n Horatiaanse frase wat in die poësie sinspeel op die uitdrukking, “laat ons drink en vrolik wees... want môre sterwe ons”

ciaroscuro
spel met lig en donker, veral gebruik in die skilderkuns

cliché
Frans, word gebruik om na beeldspraak te verwys wat as gevolg van te veel gebruik afgeslyt of afgesaag geraak het

c-maks
spesifieke saal of vleuel in ‘n gevangenis, tronk, waar die gevaarlikste misdadigers aangehou word

collage
tegniek waarmee verskillende stukkies materiaal saamgevoeg word om ‘n nuwe beeld te vorm; in die digkuns verwys dit ook na die gebruik van een digter om ‘n ander se werk in direk of bedekte vorm aan te haal ten einde ‘n bepaalde effek te skep

copla
digsoort van Spaanse (volksgedig) afkoms bestaande uit vier reëls met rymskema abcb

cosy
Engelse woord vir snoesig (warm, sag en gerustellend)

D

daling
kom voor tussen geaksentueerde lettergrepe en dra min of geen aksent nie, met grafiese voorstelling: ˇ
daling teenoor heffing, ‘n reëlmatigheid in die beweging van ‘n gedig

defleksie
die verlies van uitgange by werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, ens.

déjà vu
Franse woord vir die begrip "voorheen gesien"; dit dui op die skielike waarneming dat iemand of iets bekend is, maar die waarnemer beskiks oor geen sodanige herinnering nie

dialek
taalgebruik wat in 'n sekere streek of gebied gepraat word

diaspora
verstrooiing (bv. van die Jode uit Israel), ook volksverhuising onder dwang in tye van oorlog of gebiedverskuiwings

didaktiese digsoorte
ook genoem strekkingskuns; werke met 'n lerende, stigtelike of moraliserende oogmerk, belangrikste soorte is (i) die leerdig, (ii) sage, (iii)mite, (iv) legende, (v) sprokie, (vi) fabel, (vii) parabel

didaskalia
alle inligting wat met die dialoog van 'n opvoering verband hou om dit vir die gehoor toeganklik en verstaanbaar te maak

Die Burger
Afrikaanse oggendkoerant, verskyn vir die eerste keer op 26 Julie 1915 in Kaapstad

diftong
tweeklank, bv. ei, ou, ui

diglossie
die gebruik van hoër en laer vorme van dieselfde taal; die een taalvorm word vir hoë funksies aangewend en die ander taalvorm vir lae funksies; bv. in Afrikaans word Standaardafrikaans aangewend vir hoë funksies (literatuur, onderwys, regte, media, ens.) terwyl ander variëteite aangewend word vir lae funksies (spreektaal)

digotomie
'n sambreelterm vir verskillende teenoorgesteldbetrekkinge; soorte: (i) antonimie bv. man - vrou, (ii) komplementariteit bv. manlik – vroulik, (iii) omgekeerdheid bv. neef – niggie, (iv) direksionele kontras bv. links - regs

digsoorte
(sien die (i) lied, (ii) ode, (iii) himne, (iv) ditirambe, (v) elegie, (vi) epigram

digvorme
(sien die (i) kwatryn, (ii) sonnet, (iii) rondeel, (iv) ballade)

distiga
gedigte wat in die 7de eeu v.C. ontstaan het en waarin verspare opgebou is uit ‘n heksameter gevolg deur ‘n pentameter

distigon
tweereëlige strofe

ditirambe
loflied waarin geesdrif en verrukking ‘n hoogtepunt bereik

doemeling
persoon wat veroordeel is, verdoem tot ‘n lot

dolosse
meervoud van dolos, meesal beentjies van dooie diere wat deur toordokters gegooi word sodat hulle boodskappe uit die onsienbare wêreld (of van hulle voorvadergeeste) kan ontvang

draal
langsaam en stadig (lui) beweeg, sloer

dubbelrym
‘n besondere vorm van eindrym met ‘n sterk versierende effek; op die rymende lettergreep volg daar nog ‘n rym wat minder aksent dra, bv. donker grag, flonker prag

duet
twee-twee, tweevoudig, in ‘n duet sing (tweestemmig)

E

eindklank
slotklank waarop ‘n lettergreep of woord eindig

eindrym
ook endrym, rym wat aan die einde van ‘n versreël van ‘n gedig voorkom

eish
tipe moedelose sug-klank wat spottenderwys gebruik word; afgelei van die woord ys, wat dui op water in ‘n vaste toestand

ekloge
herdersgedig

ekofeminisme
denkrigting vanuit ‘n feministiese perspektief aangaande die verband tussen politiek, natuur en spiritualiteit

ekokritiek
‘n literêr kritiese dissipline waarin die verband of verhouding tussen teks, mens en omgewing (natuur) die fokuspunt is

ekologie
die natuurwetenskaplike dissipline wat ekosisteme navors, die verhouding van lewende organismes (in die digkuns veral die mens en dier) tot hulle omgewing

ekomerker
ekomerkers word in ‘n teks gevorm deur die daarstelling van ‘n ongewone natuurgebeurtenis tesame met ‘n simboliesgelade ruimtelike objek, bv. ‘n berg, grot, rivier, vuur

eksterne verteller
‘n verteller wat buite die verhaal staan en in die derde persoon ‘n verhaal weergee (sien ook ouktoriële verteller)

elegie
lykdig, klaaglied; kategorie van gedigte waarbinne daar oor die dood van ‘n gestorwende getreur word

Elsa se gebed
Elsa is die hoofkarakter in die Afrikaanse ekospirituele roman, Waar die ribbok veilig dans, geskryf deur Dr Lynette Cowley

enjambement
dit is ‘n middel om sterk afsluiting aan die einde van verse te vermy; die einde van ‘n sin val nie saam met die einde van ‘n vers nie, maar die sin loop oor die einde van ‘n vers na die volgende vers, die spaarsamige gebruik daarvan voorkom eentonigheid

Engelse ballade
(sien romantiese ballade)

Engelse sonnet
Shakespeariaanse sonnet, drie kwatryne kom voor met die rymskema abab, cdcd, efef, gevolg deur ‘n koeplet met die rymskema gg; die wending kom (soos by die Italiaanse sonnet) in die wending voor; talle variasies is moontlik

engte
nou, beknopte spasie

epentese
invoeging van ‘n klank of lettergreep in ‘n woord ter wille van plastiese effek, bv. Cindefokkenrella

epiese digsoorte
die epiese gedig word gekenmerk deur liriese sowel as dramatiese elemente; sien (i) epos (heldedig), (ii) idille, (iii) romantiese ballade, (iv) moderne ballade

epigram
inskripsie, opskrif of byskrif, ook puntdig (kort, kernagtige gevatte gediggie wat skerts, hekel of prys)

epos
ook heldedig, meesal ‘n lang gedig waarin grootse gebeurtenisse verhaal word met die bedoeling om bewondering af te dwing vir die hoofkarakters

erba verde
Italiaans, plek van die groen gras

etimologie
die studie van die herkoms van woorde

F

fabel
didaktiese digsoort (ook genoem strekkingskuns), diereverhaal met ‘n sedeles, ‘n vertelling waarin diere, bome, plante, ens. in plaas van mense sprekend of handelend optree; die fabel word beknop gehou, dit het ‘n duidelike strekking en bied ‘n sedeles aan

fantasie
kunsskepping waarin die verbeelding ‘n vrye vlug neem

fantasiekarakter
karakter wat in ‘n fantasiewêreld bestaan en oor toweragtige vermoëns beskik, bv. die goeie fee in die sprokie, Aspoestertjie

fateri
hooggeleerde, professor

feminisme
‘n teoretiese diskoers of bepaalde persepsie wat die vrou se ervaring(s) uit ‘n feministiese perspektief uitlê en alternatiewe soek vir patriargale oorheersing

femme fatale
Besonder pragtige vrou wat as gevaarlik beskou word juis as gevolg van die uitwerking wat haar skoonheid op ander het.

feng shui
Oosterse begrip vir die mens se (nuutgevonde) bewustheid ten opsigte van die natuur asook die bewaring daarvan en gepaardgaande pogings om die natuur of emente daarvan in menslike leefruimtes in te bring

fineer
sagte, dun materiaal, meesal deurskynend, wat op ‘n oppervlakte (soos ‘n tafel) gelê word om ‘n kunstige, artistieke effek te bereik

fin de siècle
Frans, einde van die eeu; gedurende die laaste tien jaar van die 19de eeu het die literatuur wêreldwyd ‘n sekere vermoeidheid, oorverfyning en dekadensie in die teks getoon en word na hierdie periode verwys as fin de siècle

fles
houer of bottel wat vir ‘n besondere doel gebruik word, bv. vir die bewaring van olie, salf of medisyne

fokus
punt waar ‘n beeld gevorm word (die kameralens fokus), op een punt of ding konsentreer (jou aandag fokus)

foneem
kleinste taalelement met ‘n woord- of betekenisonderskeidende funksie; foneme word tussen skuinsbalkies geskryf, bv. die k in kas kan vervang word met die l in las wat ‘n betekenisverskil bewerkstellig, dus /k/ en /l/

fonologie
die wyse waarop klanke aangewend word om betekenis oor te dra

fonotiek
die wyse waarop spraakklanke voortgebring word asook die akoestiese eienskappe daarvan

fraksie
‘n klein deeltjie van ‘n geheel

Franse ballade
‘n Franse gedigtipe wat gedurende 1300 ontstaan het en bestaan uit drie strofes met ‘n refrein (d.w.s. die slotvers kom in al die verse ooreen) met ‘n slotstrofe (opdragstrofe) wat meesal korter is; die rymskema was aanvanklik ababbcbc; het ‘n vaste tradisionele vorm en is liries van aard; variasies kom voor, bv, Marais se gedig “Skoppensboer”

frekwensie
voortdurende herhaling van ‘n polsslag, beweging van ‘n snaar (hoe vinniger die frekwensie in musiek, hoe hoër klink die noot)

funerêre gedig
gedig met die dood as tema en wat die oorsaak van die dood bekend maak en ook ‘n lofprysing of trooselement bevat

G

Gaia
naam van ‘n antieke Griekse aardsgodin; ook die versamelnaam vir die aarde as lewende organisme, die “lewende (lewendige) aarde”

geboetseer
boetseer, ‘n voorwerp of beeld vorm uit iets, bv. klei

gedemp
demp, temper, minder, in ‘n gedempte (sagter) stem praat

gekniehalter
kniehalter, belemmer, beperk, teëhou, bv. ‘n perd met ‘n riem aan sy poot kniehalter sodat hy nie kan wegloop nie

gekruisde ryn
ook kruisrym of inhakrym, bv, abab

gekwinkeleerde
kwinkeleer, helder sing of praat, meer intens, jou stem helderder maak sodat jou uitroep gehoor kan word

genius loci
Latynse term wat dui op die onsigbare gees of ondefinieerbare grondstemming van ‘n plek

Genootskapper
Die Genootskapper is die mondstuk en amptelike nuusblad van die GHA

genre
die Latyn term “genus” dui op geslag, genre verwys na ‘n letterkundige soort; die Grieke het poësie ingedeel in drie genres, epiek, liriek en dramatiek, die indeling berus nie op vorm of inhoud van kunswerke nie, maar op die wyse hoe dit voorgedra word; die drie hoofgenres in die skryfkuns is (i) prosa, (ii) poësie, (iii) drama

gestalte
vorm of gedaante van bv. die menslike liggaam, ook gestalte gee aan iets deur dit behoorlik uit te druk, te beskryf

GHA
Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans is in 1965 deur doktor Hennie Terblanché gestig, maar loop die organisasie na sy dood geleidelik dood. Op 29 Januarie 1994 word die GHA weer in die lewe geroep deur ‘n vergadering, bestaande uit 15 lede. Die eerste hoofbestuur het bestaan uit: J. D. Versfeld (Voorsitter), P. van der Spuy (Ondervoorsitter), L. Strydom, (Sekretaris) en J. Stephens (Hulpsekretaris), dr. G .F. Marais, dr. P. Möller en D. Varkevisser (bykomende lede), dr. G. Reinecke, K. Hough en M. van Heerden (gekoöpteerde lede). Die GHA is die dryfkrag agter die Derde Taalbeweging.

GRA
Die Genootskap van Regte Afrikaners is op 14 Augustus 1875 gestig deurdat Arnoldus Pannevis gepoog het om die Bybel in Afrikaans te laat vertaal. Ds. Morgan en ds. S. J. du Toit roep ‘n vergadering van agt persone bymekaar onder voorsitterskap van C. P. Hoogenhout. A. Ahrbeck was sekretaris van die vergadering. Op die tweede vergadering gehou op 25 September 1875 word ds. S. J. du Toit as Voorsitter van die GHA aangestel. Die GRA was die dryfkrag agter die Tweede Taalbeweging.

gietreuk
giet, om yster te giet, gesmelte yster in ‘n vorm te gooi sodat dit kan afkoel en stol, gietreuk dui op die reuk van die gietproses

glydende rym
sorteer onder volrym en kom voor wanneer die klinkers sowel as die medeklinkers in een of meer eindlettergrepe rym; (i) glydende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar word gevolg deur twee dalingslettergrepe, bv. liefstetjie, diefstetjie;
(ii) manlike of staande rym: die rym bevat net een heffingslettergreep, bv. verlig, verdig
(i) glydende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar word gevolg deur twee dalingslettergrepe, bv. liefstetjie, diefstetjie;
(iii) vroulike of slepende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar dit word gevolg deur ‘n dalingslettergreep, bv. stringe, dinge

gotiese
goties, betreffende die Gotiek, tydperk in Wes-Europa tussen 1150 en 1550 n.C., gotiese boustyl, gotiese beeldhou

granaattregter
gat in die grond wat gevorm is deur ‘n ontploffende granaat

grafeem
‘n gewone skrifteken wat in die IPA-stelsel (International Phonetic Association) gebruik word; word tussen pylhakies < > geplaas om dit van ‘n gewone fonetiese teken, wat tussen kantige hakies [ ] geplaas word, te onderskei,
bv. koer se oe-klank: fonetiese teken: [u:], skrifteken of grafeem: ,

graveerde
graveer, tekeninge of merke in voorwerpe inkerf, insny

griffel
met ‘n pen oor papier skryf, krap, onuitwisbare indruk maak

groen letterkunde
letterkunde waarin die skrywer/digter natuur(bewaring) deur ‘n ekokritiese “groen bril” aanspreek

grondteks
ook oerteks, die oorspronklike teks wat oor ‘n onderwerp handel, bv. die Bybel se boeke is vertaal uit oerteks

grondmotief
ook tema, dit is die hoofgedagte of boodskap wat deur die teks oorgedra word, die sentrale of abstrakte idee in ‘n werk, die strekking daarvan

grotesk
fantastiese vorm, buitensporig groot, oordrewe

guitig
skalks, ondeun, onnutsig

H

haikoe
liriese digsoort van Oosterse (Japannese) oorsprong, uit ongeveer die 13 de eeu, bestaande uit (i) slegs drie reëls, (ii) waarvan die eerste reël 5, die tweede reël 7 en die derde reël 5 lettergrepe bevat, en (iii) waarin ‘n bepaalde natuurstemming uitgedruk word

heffing
geaksentueerde lettergrepe met grafiese voorstelling: □
vorm deel van die kadans, ‘n bepaalde reëlmatigheid in die beweging van ‘n gedig; heffing teenoor daling

hekelpen
pen met ‘n hakie voor aan die punt waarmee gehekel word; hekel met ‘n hekelpen en garing/wol deur stekies te maak sodat dit ‘n kledingstuk of kombers vorm; ook kwelvrae stel aan iemand of hom skerp ondervra (in hierdie geval jouself hekel met vrae); ook iemand oor die hekel haal, skerp berispe, teësin, afkeer, renons in iets hê

heuningwyser
heuningvoëltjie wat heuning aanwys deur mens en dier na die neste van bye te lei

hibriditeit
vermenging

himne
‘n ode tot lof en eer van God gesing

hiperbool
(sien retoriese figure)

hitteskim
mirage, ontasbare beeld wat in die verte deur hitte geskep word, beweging van warm lug wat ‘n skimbeeld veroorsaak

hofdigter
‘n digter wat gesien word as ‘n rolmodel vir ander digters

holisties
die groter prentjie, holisme is die beginsel dat die geheel van iets groter is as die som van die dele daarvan

Homeriese vergelyking
na die Griekse digter, Homerus, vernoem, wat in sy epiese werke talryke breed uitgewerkte vergelykings gebruik het om te dramatiseer; die “soos” en “net” in die vergelyking word weggelaat; die Renaissance digters het die Homeriese vergelyking ontleen aan die klassieke skrywers; vind toepassing in die gedigte van digters wat lang versreëls en breë volsinne gebruik wat oor talle versreëls verdeel word

homofoon
‘n woord wat dieselfde klankvorm as ‘n ander woord het, maar verskil in spelling, betekenis en herkoms, bv. fors en vors

homoniem
‘n woord wat dieselfde klank- en spellingvorm as ‘n ander woord het, maar in betekenis en herkoms verskil, bv. graaf (edelman) teenoor graaf (om in die grond mee te spit)

horison
gesigseinder, punt waar die aarde van die lug skei

huldigingsgedig
gedig as nagedagtenis oor ‘n gestorwene, ook genoem “hommage”-gedig

I

idille
‘n digterlike skildering van die lewe van eenvoudige, onbedorwe mense, veral van hulle wat naby die natuur leef

ideologie
‘n sisteem van samehangende, simplistiese idees wat die struktuur van ‘n spesifieke samelewing asook die denke van daardie samelewing ingrypend beïnvloed; dit onderskei tussen wat as ‘reg’ en ‘verkeerd’ beskou word; soms lei dit tot starheid en onversetlikheid van denke

infiks
tipe affiks, ook genoem invoegsel, die stamklinker word verander om ‘n nuwe woord te vorm, bv. snuf, snuif

ingetoom
onder bedwang hou, bedwing, beteuel

interteks
dit is die verband, wisselwerking of verhouding wat bestaan tussen een teks en ‘n ander, bv. oerteks wat in ‘n moderne gedig weerspieël of na verwys word

invoegsel
tipe affiks, ook genoem infiks, die stamklinker word verander om ‘n nuwe woord te vorm, bv. snuf, snuif

interne verteller
verwys na die ek-spreker wat ‘n verhaal in eerstepersoonsvorm vertel, dit kan ‘n hoofkarakter, newekarakter, of ‘n verteller wees wat nie self deel van die gebeure was waarvan vertel word nie; vergelyk die ek-spreker in die vertellings in Santjie se bundel “Hunniemoen Kuppels”

interteks
interaksie tussen verskillende skrywers se tekste sonder dat plagiaat gepleeg word

intrigante
intrigant, vol listige streke, knoeier, konkelaar

ironie
(sien retoriese figure); iemand sê een ding, maar bedoel iets anders; ‘n spraakgebruik waarin die teendeel van wat bedoel word, spottenderwys gesê word

Italiaanse sonnet
Petrarcaanse sonnet, gedig opgebou uit twee kwatryne met slegs twee tersines (of tersette) met twee nuwe rymklanke volgens die patroon cdc, cdc; die twee kwatryne vorm saam die oktaaf, die twee tersines vorm saam die sekstet; in die oktaaf word ‘n waarneming geteken, met die sekstet volg ‘n wending (ook genoem ‘volta’ of ‘keer’) in die vorm van ‘n toepassing waardeur die waarneming verdiep tot ‘n beeld; talle variasies van die Italiaanse sonnet kom voor

J

Jakobyn
heftige voorstander van rewolusie

jambe
versvoet bestaande uit ‘n swak beklemtoonde lettergreep, gevolg deur ‘n sterk beklemtoonde lettergreep, bv. beroof; die tweede lettergreep dra die)□aksent (˘

jukriem
riem waarmee ‘n juk aan ‘n trektou vasgemaak word

K

kaats
kaatsspel, spel wat gespeel word waarin die een wat aanval, op teenweer moet reken

kamas
leerbekleedsel wat die onderbeen beskerm, gewoonlik saam met ‘n rybroek gedra

kanasterkreef
kreef in ‘n kanaster (mandjie van gevlegte riet)

kandeel
warm drankie berei uit wyn of melk met kaneel, eiers en suiker

kanon
‘n groep meesterwerke wat as klassiek of onsterflik in ‘n taal beskou word en wat as gesaghebbend gesien word

kiel
balke wat die onderste deel van ‘n skip vorm

KKNK
Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Afrikaanse kunstefees wat sedert Maart 1995 jaarliks plaasvind te Oudsthoorn

klaagliedere
gedig onder die kategorie, elegie, waarin daar oor die verganklikheid van dinge gepeins word

klankbord
gedeelte van ‘n musiekinstrument wat die klank versterk en weerkaats

klankherhaling
boumiddel om klankbinding en versbinding mee te bring, bv die gebruik van helder klanke wat met mekaar harmonieer in ‘n poging om musiek na te boots

klanknabootsing
onomatopeë, die klank van woorde staan in ‘n onmiddellike verband met mekaar, bv. ruis, suis, donder, ens.

klassieke strofe
die bekendste vorms is die Alkaïese en Sapphiese strofes; dit is rymloos en handhaaf ingewikkelde metriese skemas, kom voor in die poësie van die Nederlandse digters, Boutens en Bloem

klawesimbel
klavesimbel, 16de eeuse vleuelvormige klawerbordinstrument waarvan die snare met ‘n metaalpen gepluk word om klank voort te bring, sewe swart note en vyf wit note in ‘n oktaaf

klimaks
(sien retoriese figure)

klisis
sametrekking van twee woorde na een woord deur dit met of sonder geringe wysiging aanmekaar te skryf

knoetsig
knopperige, growwe oppervlakte

knus
gesellig, aangenaam

kolonialisme
term wat verwys na die periode van koloniale bewind; koloniale letterkunde verwys na tekste waarin gefokus word op die maghebber

kompas
instrument wat rigting of koers aandui

konstellasie
die gesamentlike faktore wat ‘n invloed op ‘n saak of iets het, die stand van hemelliggame (planete en sterre) in die hemelruim

kremasie
proses om ‘n lyk, dooie te veras of te verbrand

kreukels
ongewenste voue in materiaal wat gestryk of gestoom moet word om dit weer glad te kry

krip
goedversorg wees, voerbak vir diere

kwas
verfkwas, handvatsel of steel met sterk hare aan die punt vasgemaak en waarmee geverf word

kwasjiorkor
siekte wat veroorsaak word deur ‘n dieet met te veel styselkos en te min proteïene

kwatryn
vierreëlige strofe (onderskeibaar van die gedig met dieselfde naam wat uit vier verse bestaan) met rymskema aabb (gepaard), abab (gekruis), abba (omarmend); veral geskik in die lied (volksliedstrofe); word ook in die sonnet gebruik; die Persiese naam vir die kwatryn is “rubai” wat vier beteken

kwistig
rojaal, mild, sonder om suinig te wees

kwook
versterkte vorm van kook, om iets warm te maak tot kookpunt

L

langkuns
roman, novelle

lantern
draagbare lamp waarvan die lig deur glaswande skyn

leerdig
didaktiese digsoort (ook genoem strekkingskuns), meesal wetenskaplike werke wat gedurende die Middeleeue in epiese digvorm geskryf is

leimotief
‘n betekenisvolle herhalende beeld (woorde kom oor en oor in die teks voor) wat sin en samehang aan die teks verleen of ‘n bepaalde atmosfeer of insig vestig

legende
didaktiese digsoort (ook genoem strekkingskuns), ‘n godsdienstige verhaal wat eerder op volksgeloof as historiese werklikheid berus, ‘n vertelling uit die lewe van ‘n heilige of van gebeurtenisse uit die lewe van Jesus en Maria wat nie in die Bybel voorkom nie, ook verhale oor die apostels en martelare

lemmetjie
plat metaal voorwerp, skerp aan albei kante, waarmee mans hulle baarde afskeer, ook skeermeslemmetjie

lens
deurskynende (glas) voorwerp wat ligstrale van rigting verander; ook die gedeelte van die mens- of dierlike oog waardeur beelde op die netvlies ontstaan en sig moontlik maak

letterkunde
al die geskrifte wat op ‘n bepaalde oomblik van ‘n volk se ontwikkeling as kuns beskou en geniet word, ook genoem belletristiese werke. Letterkundige werke word volgens vorm verdeel in prosa en poësie

Lethe
rivier in die onderwêreld waarvan die water vergetelheid bring

lied
liriese digsoort waarin die ‘ek’ sy stemming regstreeks in woorde uitspreek; twee soorte word onderskei: (i) volkslied (die skepping van iemand wat onbekend bly), (ii) kultuurlied (‘n meer bewuste skepping as die volkslied, bv, krygslied, nasionale liedere)

Liekie Fouché
Suid-Afrikaanse skilderes

ligkosyn
raamwerk met ‘n bo- en onderdrumpel waarin ‘n deur of venster vasgesit word

liriek
Die Grieke het poësie ingedeel in drie genres, naamlik Epiek, Liriek en Dramatiek. (i) Epiek: Die Griekse woord ‘epos’ beteken verhaal, woord, rede, en dui op ‘n gebeurtenis. Epiese gedigte is voorgedra deur ministrele. (ii) Liries verwys na die lier, ‘n musiekinstrument waarmee sangers begelei is. Liriek dui op belydenis. ‘n Liriese gedig is gesing. Na die Middeleeue het die term ‘liriek’ begin dui op letterkundige kuns waarin menslike gevoelens uitgespreek word. (iii) Die Griekse woord ‘drama’ beteken om te handel en verwys na die toneelkuns wat op ‘n verhoog afspeel

liries
gevoelvol

liriese digsoorte
hieronder val (i) die lied, (ii) ode, (iii) himne, (iv) elegie en (v) hekeldig

literêre teks
‘n stuk samehangende geskrewe of ongeskrewe taalgebruik wat kommunikasie tussen mense moontlik maak en waarvan die struktuur daarvan bydrae tot die kwaliteit daarvan; dit funksioneer in ‘n bepaalde konteks en gee deur vooropstelling en konvensies ‘n fiktiewe wêreld weer; die word onderskei van populêre teks deurdat dit die fyn kuns om behoorlik in ‘n taal te kan skryf illustreer anders as populêre teks wat bloot gedagtes in spreektaal weergee sonder bv. die gebruik van metafore en simboliek

Lot
In Génesis 19 het Lot se vrou in ‘n soutpilaar verander toe sy in ongehoorsaamheid teruggekyk het na die stad Sodom, geleë in die Jordaanstreek, wat hulle inderhaas moes agtergelaat toe God besluit het op die totale verwoesting daarvan

lydelike
lydelik, sonder om protes aan te teken, sonder om iets te doen of op te tree

lykdig
gedig onder die kategorie, elegie, waarin daar oor die dood van ‘n geliefde, dierbare getreur word

M

maannet
verwysing deur Susan Grobler na haar komiese verwerking van ‘n sonnet in die gedig, Sonnet - Maannet

manlike rym
sorteer onder volrym en kom voor wanneer die klinkers sowel as die medeklinkers in een of meer eindlettergrepe rym; (i) manlike of staande rym: die rym bevat net een heffingslettergreep, bv. verlig, verdig;
(ii) vroulike of slepende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar dit word gevolg deur ‘n dalingslettergreep, bv. stringe, dinge;
(iii) glydende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar word gevolg deur twee dalingslettergrepe, bv. liefstetjie, diefstetjie

Meesterhand
die hand van God (hoofletter M)

metafoor
beknopte vergelyking, direkste vorm van beeldspraak, die eintlike voorstelling of nuwe waarneming word nie regstreeks genoem nie, maar word aangedui met ‘n bekender waarneming, die gelykstellingswoord “soos” word uitgeskakel

metonimia
(sien retoriese figure)

metries
in ‘n metriese gedig volg heffinge en dalinge mekaar in vaste patroon op

metrum
verwys na die vaste patroon waarvolgens heffinge en dalinge in ‘n vers herhaal word; reëlmatige patroonvorming soos sinusgolwe in klank; ses metriese patrone word onderskei:

Jambe
Trogee
Spondee

Daktilus
Amfibragus
Anapes

Middeleeuse ballade
(sien romantiese ballade)

millenniumdigkuns
verwysing na die werk van hedendaagse digters wat nie die postmodernisme in hulle werk aanhang nie, maar eerder konsentreer op kwessies wat die mensdom na die draai van die eeu (2000 plus) intens raak

mirakelspel
‘n toneelstuk waarin ‘n wonderwerk uitgebeeld word

misdaad
slegte daad, kriminele handeling

mite
didaktiese digsoort (ook genoem strekkingskuns), oorgelewerde verhale oor belangrike gebeurtenisse in die oertyd en in die godewêreld in die besonder, meesal verhale wat handel oor die godsdiens en die wêreldbeskouing van ‘n volk

moderne ballade
eietydse poësie met epiese verloop, liriese toonaard en dramatisering van gebeure; staan nader aan die kultuurgedig as aan die volkskuns

molasse
drop, soet stroop wat onder andere vir beeste as beeslek gegee word sodat hulle droë gras kan vreet en verteer

moraliteitspel
‘n toneelstuk waarin ‘n lewensles of geloofswaarheid uitgebeeld word

morfologie
die studie van die sistematiek agter die vorm, funksie en betekenis van woorde; (i) gelede woorde is verdeelbaar in meer as een klankvorm met betekeniseenheid (kompleks), (ii)ongelede woorde kan nie betekenisvol verdeel word nie (simpleks)

morfeem
‘n woordeel wat ‘n konstante klankvorm en betekeniswaarde in die taal het en nie self in kleiner woorddele verdeel kan word nie; basiese morfeemtipes: (i) stam, (ii) wortel, (iii) affiks

mosaïek
klein deeltjies glas, marmer of teëls van verskillende kleur wat saam ingelas word om ‘n groter prent of eenheid te vorm

Mona Lisa
77 x 53 cm olieverfskildery van Mona Lisa del Giocondo deur Leonardo da Vinci (1452–1519). Die skildery hang tans in die Louvre Kunsmuseum, Parys, Frankryk

monoliet
enkele rotsblok in die vorm van ‘n suil of monument

N

naamdig
gedig waarin die eerste letter van elke storfe ‘n persoon se naam uitspel

nardussalf
welriekende salf gemaak van die nardusplant

narratief
verhaal, vertelling

neologisme
nuutskepping, nuwe woorde in die taal, bv. skottelliet (voorheen satellietskottel), moltrein, webtuiste, kompakskyf

O

obelisk
gedenknaald, hoë vingervormige tipe monument

ode
liriese lofdig waarin ‘n bepaalde persoon of verhewe saak met bewondering en geesdrif besing word

oerteks
ook grondteks, die oorspronklike teks wat oor ‘n onderwerp handel, bv. die Bybel se boeke is vertaal uit oerteks

oevre
al die werke van ‘n kunstenaar, die digter se oevre teenoor die musikus se repertoire

oksimoron
(sien retoriese figure)

omarmde rym
hierdie rymskema beklemtoon die eenheid van die strofe binne die gedig, bv. abba

onbesweke
standvastig, onwrikbaar

onkies
nie fyngevoelig nie, sonder gevoel wat betaamlik is

onklaar
onafgehandel, nog nie klaar nie, uit orde, verward raak

onomatopeë
klanknabootsing, die klank van woorde staan in ‘n onmiddellike verband met mekaar, bv. ruis, suis, donder, ens.

Ons Klyntji
eerste Afrikaanse tydskrif, verskyn Maart 1896 – Des 1906); word opgevolg deur Ons Taal (1907 – 1909)

Ons Moedertaal
maandelikse lyfblad van die Afrikaanse Taalvereniging (Stellenbosch-tak), verskyn vanaf 15 Julie 1914 tot 1915 en gaan in 1916 op in Die Huisgenoot

Ons skryf so's ons praat
SJ du Toit het in 1874 'n sewetal spelreëls opgestel waarvan die eerste een gelui het: Ons skryf so's ons praat. Die webtuiste, Dignet, se eerste digkompetisie (2009) se titel verwys na hierdie spelreël

ontketen
iets in aanvang laat neem, dit laat begin as gevolg van iets anders, 'n haatgevoel laat losbreek

optiese
opties, beeld of illusie wat ontstaan deurdat ligstrale opbreek of terugkaats

oratuur
al die orale (mondelinge) tekste van binne 'n taalgroep bestaan

ortografie
ook skryftaal, verskillende tipes skryftaal is (i) informatiewe taal (dra inligting oor), (ii)direktiewe taal (dra instruksies oor en gee aanwysings), (iii) beeldende taal (digterlike taal), (iv) kunsmatige taal (simbole en syfers soos o.a. in die wetenskap en wiskunde gebruik word)

ostensie
vooropstelling

ouktoriële verteller
'n tipe eksterne verteller ('n verteller wat buite die verhaal staan en in die derde persoon 'n verhaal weergee) wat kennis dra van al die karakters, plekke en gebeure in die verhaal; hierdie vertelinstansie kom veral voor in tradisionele verhale

P

paarrym
ook gepaarde rym, twee versreëls wat op mekaar volg, rym, bv. aabbcc

pagan
paganisties, 'n primitiewe geloofsvorm waar natuurverskynsels aanbid word

palawer
uitgerekte, nuttelose pratery

PANSAT
die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad is ‘n nasionale liggaam wat ingevolge wetgewing (moet) toesien dat taalreëlings behoorlik uitgevoer word

parabel
didaktiese digsoort (ook genoem strekkingskuns) van Oosterse oorsprong, die woord parabel is afgelei van die Griekse “parabolè” wat vergelyking beteken; dit is ‘n verhaal met ‘n duidelike strekking en bied ‘n verhewe sedelike of godsdienstige waarheid aan in die plek van ‘n praktiese sedeles; die handelende persone is mense

paradoks
teenstrydigheid

parallelisme
(sien retoriese figure)

Parker
bekende maak, handelsnaam van ‘n skryfpen van goeie gehalte

parket
afgeslote ruimte

Passieblom
sierplant met welriekende blomme

pelgrimsreis
reis waarop ‘n pelgrim gaan; ‘n pelgrim is ‘n persoon of bedevaartganger wat na ‘n godsdienstige tempel of heilige plek gaan om daar te aanbid, met die godheid in kontak te kom en innerlike perspektief te kry

personifikasie
menslike attribute of persoonlikheid word gegee aan lewelose voorwerpe, abstrakte begrippe, natuurverskynsels, ens.; dit word dus vermenslik of tot lewe besiel, met menslike eienskappe beklee; dit is ‘n populêre vorm van beeldspraak en kom voor in die vergelyking sowel as in die metafoor

perspektief
om dinge in verhouding met mekaar te sien, klaarheid te kry oor ‘n saak

Petrarcaanse sonnet
(sien Italiaanse sonnet)

pidgin
intertaal wat ontstaan wanneer mense wat verskillende tale ‘n gemeenskaplike taal skep ten einde kommunikasie in die werksituasie te vergemaklik, bv. Fanagalo onder Suid-Afrikaanse mynwerkers

pionne
pion, skaakstuk met die minste waarde op die skaakbord

pizzicato
skerp klanke (note) wat voortgebring word op ‘n musiekinstrument se snare deur die snare met die vingers te pluk in plaas daarvan om dit met ‘n strykstok te bespeel

plagiaat
letterdiefstel, die gebruik of oorskryf van een skrywer se werk (in geheel of gedeeltelik) onder die naam van ‘n ander skrywer sonder dat na die eerste skrywer verwys word of aan hom/haar erkenning gegee word

plastiek
om te vorm, term in die letterkunde om aan te dui dat daar met woord en ritme sterk visuele beelde opgeroep word

plektrumklawers
klawers van die klawesimbel wat, as dit gespeel word, die snare met ‘n metaalplaatjie pluk (in plaas daarvan om dit met ‘n hamertjie te slaan soos wat die geval met ‘n klavier is)

pleonasme
die gebruik van meer woorde as wat nodig is, om te omslagtig te wees

poësieterapie
poësie wat geskep word om diep en veelvlakkig in heel die menslike wese in te gryp om genesing te bewerkstellig; word ook as terapeutiese hulpmiddel aangewend; die Romeinse geneesheer, Soranus, kan beskou word as die vader van poësieterapie; voorbeelde van terapeutiese bloemlesings is die “Stemme uit die Suiderland”-reeks wat sedert 2005 deur die GHA uitgegee word

poëties
digterlik, behorende tot die digkuns

polemiek
‘n dispuut wat gevoer word

posodinie
gevoelstaat van pyn en verdriet soos wat bv. tydens die dood van ‘n geliefde ervaar word

postkolonialisme
term wat dui op die verhouding(s) tussen die (voormalige) kolonies van Europa en die res van die wêreld se gemeenskappe; in postkoloniale letterkunde word gefokus op die posisie of situasies waarin die onderdrukte homself bevind

postmodernisme
‘n denkwyse wat op die era van die modernisme (m.a.w. na die Tweede Wêreldoorlog) gevolg het

précis
Frans, ‘n verkorte weergawe van ‘n teks waarvan die essensie nie verlore gegaan het as gevolg van die verkorting nie

prefiks
tipe affiks, ook genoem voorvoegsel, bv. beman

protagonis
hoofkarakter, held of heldin, stryder vir ‘n saak; die protagonis se teenstaander is die antagonis

Q

quod erat faciendum
Latyn, om te doen wat gedoen moét word

R

R- 4
tipe outomatiese wapen waarmee oorlog gevoer word

reduksie
‘n nuwe woord word op die basis van een of meer morfeme reduserend gevorm, bv. bib in plaas van biblioteek; soorte: (i) akronieme, naamlik letternaam-woorde soos WNNR en letterklank-woorde soos AVBOB), (ii) knipsels bv. prof in plaas van professor, (iii) inkortings bv. avo of avokado in plaas van avokadopeer

reduplikasie
die stam van ‘n woord word gekombineer met die stam self, bv. hoep-hoep (soort voël); reduplikasie met wysiging bv. tik-tak (klank van ‘n horlosie); reduplikasie met suffiks –ie, bv. toktokkie (soort insek)

reduseer
verminder, kleiner maak, inperk

register
die taalgebruik vir spesifieke situasies, bv. babataal, studentetaal, besigheidstaal, sosiale taal, tronktaal; ‘n persoon kan op een dag in verskillende registers kommunikeer afhangende van die geselskap

Renaissance
Frans, wedergeboorte, nuwe geboorte, herlewing, wat onder invloed van hernieude studie van die waardes en artistieke style van die klassieke oudheid vanaf die 14de tot die 16de eeu in Europa (en veral Italië) plaasvind. Die Renaissance bereik sy hoogtepunt gedurende die 17de eeu, die Goue Eeu, in Nederland

retoriese figure
die vernaamste retoriese figure is: (i) antitese (teenstelling); (ii) sinonima (gelykstelling); (iii) ironie (die teenoorgestelde word gesê van wat bedoel word); (iv) hiperbool (oordrywing); (v) sinekdogee (gedeeltelike aanduiding, ‘n deel word gesê, maar die geheel word bedoel); (vi) metonimia (in plaas van een voorwerp, word ‘n ander genoem, bv. wyn word ‘druif’ genoem); (vii) oksimoron (die verbinding van teenoorgesteldes, bv. bitter-soet); (viii) aaneenskakeling (opsomming van gegewens bv. soos in Celliers se “Die ossewa”: Die osse stap aan deur die stowwe, geduldig, gedienstig, gedwee.); (ix) klimaks (‘n hoogtepunt word bereik, gewoonlik aan die einde); (x) parallelisme (die konstruksie van ‘n sin word herhaal, bv. soos deur Leipoldt: Ek sing van die wind... Ek sing van die reën... Ek sing van ons vaal ou Karooland)

ridderroman
verhalende gedig waarin ‘n ridder se avonture uitgebeeld word

rites de passage
Franse begrip vir die proses van grootword

roebab
tipe plant wat geëet kan word, gewoonlik as nagereg met vla

romantiese ballade
Engelse of Middeleeuse ballade, word aan die inhoud, eerder as vorm, herken; het ontstaan uit mondelinge oorlewering wat eers later opgeteken is; dit het ‘n sterk epiese inslag en hoort eerder tot die volkskuns as kultuurpoësie

rondeel
‘n digvorm wat in die 13de eeu in Frankryk ontstaan het, bestaande uit dertien versreëls wat alleen twee rymklanke gebruik, die beginvers(e) keer in die middel en aan die einde terug; het ontwikkel uit die reilied wat by die rondedans gesing is; variasies met agt, elf en veertien verse kom voor

rubberband
band van ‘n voertuig se wiel

ruimte
plek of spasie, asook bepaalde tydsdimensie, waarin gebeure afspeel, ruimte word veral in die drama as “groter as die werklikheid” ervaar, soorte: (i) konkrete of epiese ruimte (die ruimte waarbinne die verhaal afspeel), (ii) simboliese ruimte (die ruimte wat ‘n bepaalde tema ondersteun en wyer uitkring as die werklike ruimte), (iii) belange ruimte (die ruimte wat ‘n karakter of verteller beïnvloed, bv plaasruimte teenoor stadsruimte), (iv) mentale ruimte (die ruimte in ‘n mens se herinneringe)

rym
om in digmaat te skryf, gelykheid van klank in die laaste woorde van versreëls; volrym kom voor wanneer die klinkers sowel as die medeklinkers in een of meer eindlettergrepe (waarvan een die aksent dra) rym; soorte rymskemas: (i) gepaarde rym aabb, (ii) gekruisde rym abab, (iii) glyende rym waarby twee onbetoonde lettergrepe op die betoonde volg, bv. liefstetjie - diefstetjie (iii) omarmde rym abba, (iv) staande of manlike rym waarby die beklemtoonde laaste lettergrepe van twee reëls rym, bv, verlig - verdig (v) slepende of vroulike rym wanneer die rym een heffingslettergreep bevat wat gevolg word deur ‘n dalingslettergreep, bv. fisante - klante

rymdwang
ook gedwonge of geforseerde rym, kom voor wanneer die digter die rymskema so streng handhaaf dat woorde ingespan word wat nie semanties rym nie (woorde moet klankmatig en semanties rym (dit moet nie net die oorsintuig streel nie, maar ook die begripsintuig van die mens)

rymskemas
(i) paarrym of gepaarde rym, bv. aabbcc, (ii) kruisrym, gekruisde rym of inhakrym, bv. abab, (iii) omarmde rym, bv. abba, (iv) slagrym, bv. aaa

rymverdoeseling
word gebruik om die strakheid van ‘n vers te verdoesel; dit help om eentonigheid te vermy; bv. slegs die tweede en vierde reëls uit elke vier rym, een en drie rym nie

rymfonds
staan teenoor rymdwang, die rymskema sorg vir ‘n verrassing, bv. ‘gemors’ in “Ballade van die nagtelike ure” van NP Van Wyk Louw: En nou het die môre my/ oor die rand van sy glas gemors / op die stoep by die kraan wat blink / in die uur van die donker dors.

S

saga
Oud-Noorse verhaalvorm wat die heldhaftige, maar ook dikwels tragiese geskiedenis van ‘n familie oor eeue heen uitbeeld

sage
om te sê, om ‘n romantiese verhaal te vertel waarvan die kern histories is en verbind kan word aan ‘n bepaalde historiese persoon of plek; didaktiese digsoort (ook genoem strekkingskuns)

satire
Romeinse letterkundige soort wat deur Quintus Ennius, die vader van die satire, in die 3de eeu v.C. ontwikkel is en deur Lucilius en Horatius verfyn is; oorspronklik ‘n mengelgedig waarin ‘n ewewig tussen spot en hekeling gehandhaaf is; tans ‘n literêre werk waarin die dwaashede en wanpraktyke van die mens op komiese wyse deur midddel van bespotting aan die kaak gestel word

seesloerie
sloerie: slordige vuil vrou, slons, slet; ‘n seesloerie woon noodwendig by die see

serviam
die volkome, allesomvattende besef van die mens se afhanklikheid van God, die Skepper

sesuur
ruspunt binne ‘n vers, verssnede, verssnit

sewejaartjies
blom wat sy kleur na uitdroging behou en gevolglik dikwels op grafte of in ruikers geplaas word

sewemylslaarse
skoene in feëverhale waarmee een stap daarmee ‘n hele sewe myl lank is

Shakespeariaanse sonnet
(sien Engelse sonnet)

simboliek
‘n Simbool is ‘n teken wat ‘n (gewoonlik abstrakte) saak verteenwoordig. Totius se gedig, Vergewe en Vergeet, word as simbolies beskou. Die doringboompie wat vlak by die pad gestaan het, simboliseer die Boerevolk. Die ossewa wat langs die doringboompie verbyry, simboliseer die Britte. Die plattrap van die doringboompie deur die wiele simboliseer die Tweede Vryheidsoorlog

simbool
die kuns waarin uiterlike verskynsels verdiep word tot die verskyning van ‘n gedate of ‘n idee, word gesien as simbolies, ook sinnebeeldig

simfonieë
simfonie, musiekstuk vir stryk- en blaasorkes wat uit meer as een stemlyn bestaan en verskeie bewegings het

sinekdogee
(sien retoriese figure)

sinonima
(sien retoriese figure)

sintese
sake wat met mekaar vergelyk word, hoort tot twee verskillende gebiede van sintuiglike waarneming; die vergelyking sowel as die metafoor kom voor as ‘n sintetiese beeld, bv. in Opperman se gedig “Vrees van die arbeider” gebruik hy die volgende sintese: “In my groei die grou vermoede...” Grou verwys na ‘n kleur, maar bring hy dit in verband met ‘n abstrakte begrip soos gevoel

sirokko
warm, droë suidoostewind wat oor die Middellandse See en Suid-Italië waai

sirsakarlap
Indiese linne wat wit en blou gestreep is

skeurbuik
siekte wat veroorsaak word deur te min vars groente en vrugte in die dieet, gewoonlik op lang reise ter se opgedoen

skrifbeeld
die gebruik van hoofletters, kleinlettertjies, interpunksie, aksenttekens, tipografie, ens, om bepaalde effekte te bereik

skryftaal
ook ortografie, verskillende tipes skryftaal is (i) informatiewe taal (dra inligting oor), (ii)direktiewe taal (dra instruksies oor en gee aanwysings), (iii) beeldende taal (digterlike taal), (iv) kunsmatige taal (simbole en syfers soos o.a. in die wetenskap en wiskunde gebruik word)

slagrym
meer as twee versreëls rym met mekaar, bv. aaa

smak
ongemanierde geluid wat met die tong en lippe gemaak word wanneer geëet word

smeerboel
persoon wat in ‘n vuil, liederlike toestand, verkeer

sokpyp
pyp met vergrote end om ‘n ander pypgedeelte in te laat

sonnet
gedig van Italiaanse oorsprong waarvan die aard presies uitgestip word; veertien reëlige meesal vyfvoetige jambiese gedig met ‘n tweeledige bou wat deur ‘n wending veroorsaak word; vaste vorm van ‘n oktaaf (twee kwatryne) gevolg deur ‘n sestet (twee tersines) waarin ‘n toepassing gegee word; (sien ook Petrarcaanse of Italiaanse sonnet en Shakespeariaanse of Engelse sonnet)

sosiolinguistiek
bestudering van die rol wat die omgewing in taal speel; woongebied, lewenswyse, opvoeding, ouderdom, ens. beïnvloed die manier waarop ‘n mens skryf of praat

spreektaal
die taal waarin op informele wyse gesels word; spreektaal vergemaklik verstaanbaarheid

spreker
die spreker is die een wat aan die woord is in ‘n gedig; die spreker is nie die digter self nie

sprokie
didaktiese digsoort (ook genoem strekkingskuns), ‘n fantasieskepping wat in hierdie genre volkome vrye spel het, die wonderbaarlike word doodnatuurlike, bv. diere en plante kan soos mense praat

staaltjies
grappige of treffende verhaaltjies

staccato
note in musiek wat vinnig aangeslaan en weer gelos word sodat dit baie skerp en kort klink

stagnasie
tot stilstand kom, gestrem word tot stilstand

stam
‘n morfeemtipe met ‘n selfstandige woordkorrelaat, ‘n konstante woorddeel wat op sy eie kan optree

stansa
agtreëlige strofe met rympatroon abababcc; ontleen aan Italiaanse poësie; word dikwels gebruik in verhalende gedigte

stereotiep
‘n simplistiese beskouing of opvatting wat deur lede van een groep oor sake of mense van ‘n ander groep gehuldig word

stigies
afgelei van Griekse woord ‘stichos’ wat versreël beteken; stigiese poësie verwys na lang gedigte soos die epos, maar korter gedigte kan ook die stigiese vorm aanneem

stratocumulus
lae bankvormige wolke wat laer as 2000m hoog in die lug voorkom

strofe
die verskillende verse van ‘n gedig vorm groepies reëls wat deur tipografiese wit van mekaar geskei word; groepvorming gaan meesal gepaard met vormgelykheid

St.Ursula se Droom
275 x 265 cm 1494-skildery van St Ursula, Bretonse prinses, deur Vittore Carpaccio (1455/65-1525/6)

styl
styl, wat struktureel is, verwys na die somtotaal van die kenmerkende karaktertrekke van ‘n bepaalde werk, die besondere wyse waarop ‘n werk vorm aangeneem het; die eienskappe van ‘n gedig, soos die voorkeur wat die digter gee aan ‘n bepaalde digvorm, woorde, beelde, stylfigure, sinswendinge, struktuurprinsipe, ens.

stylbreuk
verwys na die die aanwesigheid van ‘n element wat nie klop met die ander kenmerke van ‘n werk nie (sien styl)

stylfigure
figure waardeur ‘n spesifieke styleffek teweegebring word deur gebruik te maak van stylfigure soos alliterasie, assonansie, onomatopee (klanknabootsing), antonomasia, klimaks, metafoor, metonimia, ens.

suffiks
tipe affiks, ook genoem agtervoegsel, bv. meervoud

swaelstertvoegsel
tipe affiks, bv. geskape vanaf skaap

swalk
deur wind en golwe rondgedryf word

T

tangmorfeem
tipe affiks, ook genoem alkantvoegsel of ambifiks, bv. betyds

tema
ook grondmotief, dit is die hoofgedagte of boodskap wat deur die teks oorgedra word; die sentrale of abstrakte idee in ‘n werk, die strekking van die werk

tersine
driereëlige strofe van Italiaanse oorsprong; ‘n tersine bestaan gewoonlik uit drie vyfvoetige jambiese verse met die rymskema aba, bcb, cdc, ens.

timbre
klankkleur

tjello
musiekinstrument (deel van die vioolfamilie) waarvan die note met ‘n strykstok op die snare gespeel word en vol, ryk klanke voortbring, groter as die altviool en kleiner as die basviool

toponimie
‘n onderafdeling van die Onomastiek(naamgewing); toponimie is ‘n studie van geografiese eiename; ‘n toponiem is ‘n naam wat aan dorpe, stede, berge, riviere, oseane, sterre, ens., gegee word

trankiele
trankiel, kalm en bedaard, rustig

tummim
voorwerpe wat saam met die urim (ander voorwerpe, meesal edelgesteentes) in krone, borsplate, die handvatsels van swaarde, ens. ingelê is; dit beeld lig en volmaaktheid uit

tweeklank
ook diftong, bv. ei, ou, ui

tydstyl
verwys na die styl van ‘n sekere tyd of periode

U

Ursula
(sien St. Ursula)

urim
voorwerpe soos edelgesteentes wat saam met ander voorwerpe (tummim) in krone, borsplate, die handvatsels van swaarde, ens. ingelê is; dit beeld lig en volmaaktheid uit

V

vanishing point
die vanishing point ontstaan in ‘n kunswerk deurdat die kunstenaar al die beweging en energie na ‘n spesifieke punt konsentreer wat die oog lei na iets anderkant die kunswerk se einder. Dit word ten beste illustreer in Paolo Ucello se 1460-skildery The Hunt in the Forest

verbindingsklank
ook genoem voegsel, bv. hondehok

verglyding
langsaam verbygaan

verkneg
iemand te verkneg, hom tot slaaf maak

verliesliteratuur
literatuur wat handel oor die verskynsel van vervreemding, emigrasie en marginalisering onder Afrikaners

vertrek
kamer, woonvertrek; ook om weg te gaan, jou ry te kry; ook om dood te gaan, die tydelike met die ewige verwissel

viool
musiekinstrument (deel van die vioolfamilie) waarvan die note met ‘n strykstok op die snare gespeel word, die viool word ook die eerste viool genoem en word die hoofmelodie in kamermusiek deur ‘n solis op die soloviool gespeel

vlet
platboomvaartuig waarmee op water gery word

vleuel
aan die kant, ook met verhewe gevoelswaarde, iemand onder jou vleuels neem (beskerm), van vlet tot vleuel: van minderwaardig tot meerderwarig

voegsel
ook genoem verbindingsklank, bv. hondehok

volksballade
Nederlandse literêre vorm uit die veertiende eeu waardeur ‘n spannende verhaal vinnig en sprongsgewys vertel word en waarin bepaalde refreine of tonele of bepaalde woorde en uitdrukking of volledige versreëls en vraagsinne telkens herhaal word

volrym
kom voor wanneer die klinkers sowel as die medeklinkers in een of meer eindlettergrepe rym:
(i) manlike of staande rym: die rym bevat net een heffingslettergreep, bv. verlig, verdig
(ii) vroulike of slepende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar dit word gevolg deur ‘n dalingslettergreep, bv. stringe, dinge
(iii) glydende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar word gevolg deur twee dalingslettergrepe, bv. liefstetjie, diefstetjie

vors
regeerder of hoof van ‘n ryk; eerste, voorste op ‘n gebied

vorstelike
vorstelik, soos ‘n koninklike, hooggeplaaste

vroulike rym
sorteer onder volrym en kom voor wanneer die klinkers sowel as die medeklinkers in een of meer eindlettergrepe rym; (i) vroulike of slepende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar dit word gevolg deur ‘n dalingslettergreep, bv. stringe, dinge
(ii) manlike of staande rym: die rym bevat net een heffingslettergreep, bv. verlig, verdig
(iii) glydende rym: die rym bevat een heffingslettergreep, maar word gevolg deur twee dalingslettergrepe, bv. liefstetjie, diefstetjie

W

weerklank
eggo, herhaling van klank soos wat dit teruggekaats word

Windgat de Klerk
karakter in liedjie gesing deur Steve Hofmeyr, Suid-Afrikaanse sanger

wortel
‘n morfeemtipe wat nie ‘n woordkorrelaat het nie, maar as basis vir woordvorming kan dien; bv. selektief = selekt (wortel) + ief (affiks); selekt kan nie op sy eie staan nie

X

xenofobie
vreemdelingshaat

Y

yl
onsin, deurmekaar praat

ys
water in vaste toestand; ook eish (tipe moedelose sug-klank)

ywer
iets met geesdrif aanpak, ‘n werk ywerig, met energie, voltooi

Z

Zeus
god uit die Griekse mitologie